# *Jaarverslag van die Hoërskool Montagu 2023*

Geagte Ouers / Voogde / Leerders / Vriende van die skool

Ons kan met dankbaarheid terugkyk na ‘n geseënde 2023-skooljaar by Hoërskool Montagu. Dankie aan elke persoon wat met die skryf van dié jaarverslag ‘n bydrae gelewer het, om dit wat die jaar in en om Hoërskool Montagu plaasgevind het, weer te gee. Die harde werk wat deur personeel, leerders, ouers/voogde en die gemeenskap gedoen is, verdien egter die eer.

Daar is soveel waarop ons kan trots wees en elkeen se bydrae en toewyding is van onskatbare waarde om ‘n beter, uitnemende skool vir die toekoms te bou.

Die hooffokus van Hoërskool Montagu is om ‘n gebalanseerde opvoeding aan elkeen van ons leerders te verskaf en daarom plaas ons die klem op akademie. Ons is in oorvloed geseën met ‘n bekwame personeelkorps met diverse kennis en vaardighede om te verseker dat die kurrikulum tot die beste van ons vermoë en in die beste belang van al ons leerders suksesvol gelewer word.

Dankie vir elke ouer/ voog se bydrae. U hulpverlening agter die skerms, betrokkenheid by sport en funksies en u finansiële ondersteuning aan ons skool word waardeer. Sonder u kan Hoërskool Montagu nie suksesvol wees nie.

Ons het ‘n span van baie toegewyde ouers/voogde op ons Skoolbeheerliggaam. Hulle onbaatsugtige diens en belangstelling in ons kinders se opvoeding neem baie van hul opoffering en tyd in beslag. Hulle is hoogs bekwaam en aanvaar elke uitdaging met entoesiasme. Ons dank u daarvoor.

Soos ons 2023 se einde nader, moet ons reflekteer oor die jaar se gebeure om perspektief te kan kry oor al ons moeite en harde werk. Dit was ‘n besige en suksesvolle jaar met vele aktiwiteite en prestasies. Ek wil graag ‘n paar uitlig:

- Ons vier ‘n 100% matriekslaagsyfer – 1 van slegs 22 skole in die Wes-Kaap!
- Ons word aangewys deur die Departement van Basiese Opvoeding as die derde beste kwintiel 4-skool in Suid-Afrika!
- Aanbieding van ons eerste en een van vele toekomstige Feesnaweke met ons eerste eie Rugbysewes toernooi en sosiale netbaltoernooi.
- Ons skool se eie gimnasium word voltooi en is gereed vir gebruik in 2024.
- Op kultuurgebied het ons vele toekennings verwerf by die jaarlikse Montagu Jeugkunstefees en ons koor stap weg met goud by die Worcester Eisteddfod.
- Projek Voerkraal se snoepie word suksesvol deur die Ondersteunersklub voltooi.
- Ons eie sonkragstelsel is in wording. Ons gee om vir die omgewing, gaan groen en raak ontslae van beurtkrag tot voordeel van ons akademie.
- Verdere verbeteringe, projekte en prestasies sal in hierdie jaarverslag vervat word.

Ons visie, missie en waardes moet altyd ons basis wees waarvolgens ons seker maak dat ons leerders groei en ontwikkel tot volwaardige burgers van Suid-Afrika.

**Mnr. J. T. Benadie**
**SKOOLHOOF**

# INHOUDSOPGAWE

1. Skoolhoof se verslag
2. SBL bedanking
3. OSK se verslag en bemarking
4. Akademie en NSS
5. Kultuur & Leierskap
6. Sport
7. Grond en Geboue
8. Dissipline
9. Waardes
10. Koshuis
11. Slotopmerkings en Vooruitsigte 2024

H.S.Montagu
Kwaliteit onderrig en leer



# 2. SKOOLBEHEERLIGGAAM (SBL)

Hierdie liggaam se ondankbare diens word nie altyd na waarde geskat nie. Die kennis en kontakte waaroor die SBL kollektief beskik, stel ons in staat om met min geld baie gedoen te kry.

Ons innige dank aan hierdie groep ouers en personeellede wat soveel vir die skool beteken.

Die lede van die SBL in die huidige termyn is:

| | |
|---|---|
| Mnr. H. Gous | (Voorsitter) |
| Mnr. W. Nel | (Onder-Voorsitter) |
| Mnr. P. Olivier | (Tesourier) |
| Mev. H. Coetzee | (Sekretaresse) |
| Mnr. C. Hanekom | (Ouer) |
| Mev. L. van Deventer | (Ouer) |
| Mev. A. Malgas | (Ouer) |
| Mev. J. Beukes | (Onderwyspersoneel) |
| Mev. L. Ferreira | (Onderwyspersoneel) |
| Mnr. J. Benadie | (Skoolhoof) |
| Mev. L. Lewis | (Nie-onderwys personeel) |
| Mnr. J. Venter | (Hoofleier) |
| Me. C. Prins | (Hoofleier) |

Ons huidige SBL se termyn eindig in Maart 2024. Ons wil graag ‘n beroep op al ons ouers / voogde doen om uself beskikbaar te stel vir die 2024 SBL-verkiesing en u kundigheid en omgee tot voordeel van ons kinders aan te wend.

# 3. OSK JAARVERSLAG EN BEMARKING

### HSM ONDERSTEUNERSKLUB (HSMO): Die jaar in oorsig

‘n Nuwe bestuur is verkies by die AJV, soos gehou op 16 Maart 2023, en vul die volgende portefeuljes vir die 2023/2024 finansiële jaar: M Dettbarn (Voorsitter), J Nel (Ondervoorsitter), JD van Deventer (Tesourier), L van Deventer (SBL verteenwoordiger), C Burger (Skoolverteenwoordiger), E Joubert (Skoolverteenwoordiger), V Ellis (Sekretaresse). Twee lede word gekoöpteer om die bestuurspan by te staan: J Carstens (Voerkraal), J Meyer (Algemeen).

Soos in enige organisasie of klub wat deur werkende persone bestuur word, is dit belangrik om as span saam te besluit oor watter projekte om te prioritiseer, aangesien bestuur en lede se tyd beperk is. Projekte word geëvalueer met die hoofdoel van die HSMO as riglyn, naamlik: Die bevordering van die skool (geriewe, toerusting, perseel), leerders en om die skool se beeld te bevorder.

Die hoogtepunt vir die jaar is verseker die oprigting van die Voerkraal wat al ‘n lang pad aankom. Oor die jare is vele opsies oorweeg van geboude struktuur, tot modulêr, maar op die ou end is ‘n skeepshouer omskep in ‘n moderne en funksionele spasie. Dit sluit in ‘n afdak voor en agter, wat nie net almal beskerm teen die son en reën nie, maar die hele projek netjies afrond. Verder is daar plaveisel gelê, sykante (buite) en kaste geïnstalleer, en waterkrane buite vir skoliere aangebring.

Die HSMO bestuur wil die bestuurspanne en HSMO lede van vorige jare bedank vir die tyd en moeite wat ingesit is om die geld in te samel om hierdie projek te laat realisieer. Ons glo dat dit ‘n bate vir die skool is, en nog baie jare met trots gebruik sal kan word. Hierdie projek het ‘n alla-mintige koste van om en by R340 000 beloop, met die aankoop van die gewysigde skeepshouer alleen wat R150 000 gekos het. Dit beteken dat daar in die volgende paar jare hard gewerk sal moet word om weer fondse in te samel vir nuwe projekte. Groot dank aan almal wat ‘n bydrae gemaak het om hierdie droom te realiseer, met uitsondering aan Jacques Carstens (vorige voorsitter) wat die projekbestuurder was van hierdie projek.



Die HSMO het ook deur die jaar verskeie skoliere finansieel bygestaan, waar hulle die skool op sport- en kultuurvlak verteenwoordig het. Om seker te maak dat alle aansoeke op meriete geëvalueer word, het ons twee beleide in plek gesit naamlik OSK001 Finansiële bydrae beleid: Sport en Kultuur, en OSK002 Finansiële bydrae beleid: Perseel. Ons het ook waar moontlik die skool bygestaan met bydraes vir die verf van die klubhuis, en die opgradering van die vloer van die nuwe gimnasium.

Projekte wat beoog word vir die toekoms:

- Elektroniese inligtingsbord by ingang van skool
- Elektroniese telbord
- Pawiljoene instandhouding: Hout pawiljoene se planke vervang en die hout behandel.
- Klubhuis: Vloer, klank/akoestiek. Die hoop is dat die Klubhuis verhuur sal kan word vir funksies ens., en dan ‘n inkomste sal kan genereer.
- Pawiljoene (opgradering) by die A-hokkieveld




Hierdie projekte kan slegs aangepak word, indien daar fondse beskikbaar is. Fondse word ingesamel deur die bedryf van die Voerkraal by alle tuiswedstryde en ander kleiner projekte. Vir elke HSMO-lid wat hierdie jaar vroeg opgestaan het (of jy nog kinders in die skool het of nie, kinders wat deelneem daardie dag of nie) om koffie te maak, broodjies te verkoop of vure aan te steek, sonder ons lede sou ons dit nie kon die nie.

Die reëlings vir die 2024 jaarlikse gholfdag is ook reeds in volle swang. Hierdie is ons grootste fondsinsamelingsprojek, en ons vra vir ons gemeenskap, ouers/voogde, oud-ouers en Alumni om ons te ondersteun deur in ‘n 4-bal in te skryf, pryse te skenk of ‘n putjie te borg.

Ons doen ‘n beroep op almal wat betrokke wil wees by die vooruitgang en verbetering van Hoërskool Montagu, om aan te sluit by die HSMO. Die kostes (tans) beloop R250 per jaar per gesin, wat jou gratis toegang gee by plaaslike sportdae, asook twee sosiale byeenkomste per jaar. Al wat ons vra van lede is om hul tyd, kennis en vaardighede beskikbaar te stel en saam te werk vir ons kinders.

Met dank.
Mariek Dettbarn

# 4. AKADEMIE

## 4.1 MATRIEKUITSLAE 2022:

Ons is voorwaar baie trots op die Matriekklas van 2022! Ons matrieks van 2022 lewer **2 leerders met `n gemiddelde A-simbool** en **20 leerders met gemiddelde B-simbole. Verder behaal hulle ook die uitsonderlike prestasie deur 'n 100% slaagsyfer te behaal! Slegs 1 van 22 skole in die Wes-Kaap!** Wat die uitslae van 2022 verder besonders maak, is die feit dat 76% van die matrieks toelating tot verdere onderwys en opleiding behaal. Verder slaag al die progressienormleerders! Voorwaar 'n prestasie om op trots te wees!
Baie geluk aan die Matriekklas van 2022! Julle uitslae is puik en ons is baie trots op elkeen van julle! Julle het bewys dat niks 'n Montie kan onder kry nie!

| **Ons top 10 kandidate is soos volg:** | | **Gemiddeld** |
|---|---|---|
| 1. Franco de Kock | (8 Onderskeidings) | 93,42% |
| 2. JG van Deventer | (5 Onderskeidings) | 80,10% |
| 3. Nienke Strauss | (4 Onderskeidings) | 79,42% |
| 4. Brooklyn Kiewiets | (5 Onderskeidings) | 77,57% |
| 5. Janie Marais | (4 Onderskeidings) | 76,00% |
| 6. Hannechia Moses | (3 Onderskeidings) | 75,85% |
| 7. Phillip Olivier | (2 Onderskeidings) | 75,71% |
| 8. Eben Carstens | (3 Onderskeidings) | 75,57% |
| 9. Neline Swart | (2 Onderskeidings) | 75,57% |
| 10. Jaylee Antonie | (2 Onderskeidings) | 75,14% |

Baie dankie aan ons toegewyde personeel en Beheerliggaam vir al die ekstra tyd, energie en liefde vir ons leerders. Baie geluk aan elke ouer/ voog met u kind se pragtige uitslae. U het rede om trots te wees!

## 4.2 WKOD-SISTEMIESE TOETSE:

WKOD Sistemiese Toetse
Op Donderdag die 19de Oktober vind die jaarlikse WKOD se sistemiese toetse vir ons graad 9's plaas.
Al die graad 3's, 6 en 9 leerders van publieke skole in die hele Wes-Kaap neem deel aan hierdie toetsing. Die leerders sal toetse aflê in Wiskunde en in Tale.

## 4.3 UITSLAE GRAAD 8 – 12:

Ons leerders werk hard en gee elke dag net hul beste. Puik prestasies is behaal in elke graad. Hier volg die top 20 presteerders (in alfabetiese volgorde) aan die einde van kwartaal 3:

**Graad 8**: Shedeeke Abrahams,Anzelle Albanie,Ellorensia Antonie,Jason Bezuidenhout,Anél de Bruyn,Tyricha De wee,Chayim Du Toit,Jacques Engelbrecht,Corli Gous,Isabelle Hahndiek,Jaime Johnson,Stella Meyer,DJ Minnaar,Henko Nel,Hayley Odendaal,Fannwin Plaatjies,Revean Segelaar,Courtney Toorn,Adriana Visagie,Chrissandra Wiese

**Graad 9**: Clarence Adendorf,Jacobus Beukes,Sergio Burger,Elissa Conradie,Mia Dettbarn,Tsenre Ernest,Euwaycia Eyberg,Ehrin Fortuin,Joël Gordon,Peter Hattingh,Zaywon Kana,Caitlin Koker,Janae Le Roux,Ruby Rose O'Shea,Emma Olivier,Mieke Olivier,Danika Schoeman,Luke Smith,Jadelyn Van Wyk,Anja Wolfaardt

**Graad 10:** Joney Booysen,Tanya Brand,Emma Carstens,Jemelia Du Toit,Callum Flesch,Suné Geldenhuys,Jomar Hanekom,John Hattingh,Cameron Jansen,Tasneem Jansen,Lieschen Joka,Halle Joseph ,Richard Knipe,Siyambonga Lirafu,Kezia Malgas,Sias Meyer,Jaywin Noemdo,Hermien Potgieter,Amy-Leigh Shirley, Mikayla Theron, Almay Wolmarans

**Graad 11:** Ferdin Africa, Liani Beetge,Nina Beukes,Chelsea Booysen,Nicholas Brunings,Stefanie Burger,Chriszaan Conradie,Petri Fourie,Rossouw Kriel,Chadwin Lottering,Bronley Pearson, Lyzé Pekeur, Franco Stemmet,Jana Strydom,Judah Taedi,Gabriel Telford, André Van Deventer,Nicole Van Der Walt,Mikelle Verhoog, Arno Wright

**Graad 12:** Cameron Adonis,Brayden Baartman,Ewan Coetzee,ZoëeHahndiek,Jean-Pierre Matthee,Carlene Mazenge,Raynard Mitchell,Willem Nel,Ann-Lumey Pieterse, Carli Prins, Geriant Segelaar,Carlene Segelaar,Christiaan Swart,CJ Van Der Walt, Bernadette Visser

**Top presteerders in graad 12:**

Ons is saam met hul ouers/ voogde trots op die leerders wat skitterend presteer het. Ons glo dat met volgehoue harde werk deur die leerders tesame met ons toegewyde opvoeders en ondersteuning van ons ouers, ons leerders selfs nog beter sal kan presteer en dat die akademie van Hoërskool Montagu elke jaar net nog meer kan verbeter.

## 4.4 EKSTRA KLASSE:

Personeel skep geleenthede en is beskikbaar vir ekstra klasse. Onderwysers is elke Woensdag direk na skool beskikbaar vir akademiese hulp, maak net asb. vooraf 'n afspraak by die betrokke onderwyser. Ons fokus is veral die kernvakke, maar die ander vakke se personeel is ook beskikbaar. Leerders moet self met hulle reël – die onderwysers help graag. 'n Lenteskool is aangebied in sekere vakke om leerders te help met moeilike konsepte. Moontlike druipelinge is geïdentifiseer om hul vraestelle oor te skryf om sodoende die werk beter onder die knie te kry.

## 4.5 AANLEGTOETSE:

### GRAAD 9 VAKKEUSE

Op Woensdag die 16de en Donderdag die 17de Augustus het oom Kobus Wium aanlegtoetse met ons graad 9's kom aflê met die oog op moontlike vakkeuses en loopbaankeuses vir hul graad 10 jaar en na skool.
Alles het baie goed afgeloop en oom Kobus het dan ook hul aanlegtoets resultate op die 25ste Augustus beskikbaar gestel. Ouers/Voogde en leerders kan nou hierdie inligting gebruik om hul te help met hul vakkeuses vir volgende jaar.
Op die 28ste Augustus het daar 'n graad 9 vakkeuse aand plaasgevind, waar ouers en leerders teenwoordig was. Oom Kobus was ook die dag beskikbaar gewees, indien ouers 'n gesprek met hom wou voer oor die leerders se resultate. Elke vakhoof het ook sy/ haar vak se inligting met die ouers gedeel.

## 4.6. TOP 20-AKADEMIESE FUNKSIE:

TOP-20 AKADEMIESE FUNKSIE

Die Top-20 Akademiese funksie is verlede jaar ingestel om erkenning te gee aan leerders wat uitstaande akademiese prestasies lewer. Die Top-20 akademiese presteerders, in elke graad, ontvang elke kwartaal 'n balkie gedurende 'n spog-funksie. Die top vyf presteerders se name en gemiddelde word ook bekend gemaak.

## 4.7 "NATIONAL EDUCATION EXCELLENCE AWARD 2023"

***MONTIES ONDER TOP 3 IN DIE LAND!!!***

Hoërskool Montagu het hul akademiese vernuf gewys toe hulle Vrydagaand, 6 Oktober, as die Departement van Onderwys se 3de beste kwintiel 4-skool in Suid-Afrika aangewys is.

Dit is 'n uitsonderlike prestasie, groot eer en voorreg vir ons skool. Hierdie sukses word onder andere toegeskryf aan ons puik matriekgroep van 2022 met hul 100% slaagsyfer.

Hierdie toekenning is 'n bewys van die strewe na uitnemendheid, leerders se harde werk, onderwysers wat altyd toegewyd die ekstra myl loop en 'n ouer-gemeenskap se deurlopende ondersteuning.

Ons is 'n waardegedrewe skool. Respek, eerlikheid, dissipline, gehoorsaamheid, deursettinsgvermoë, harde werk, toegewydheid, naasteliefde, omgee, groot harte vir mekaar – hierdie is 'n paar van die waardes wat vir ons belangrik is as boustene vir sukses by ons skool.

Hoërskool Montagu is met trots die skool in die platteland vir die platteland!

# 5. KULTUUR & LEIERSKAP

## 5.1 KULTUUR

Kultuur en Leierskap Jaarverslag

5.1 KULTUUR

Die kultuur by HSM brei elke jaar uit en nuwe projekte word aangepak om die leerders die beste moontlike geleentheid te bied om hul talente te ontdek en uit te leef.

- MEKKA – gedurende die eerste kwartaal het HSM 'n baie suksesvolle Kultuur-aand gehou waar leerders hul talente met die gehoor kon deel. Dit was 'n baie genotvolle aand met heelwat talent.
- KULTUURWEEK – in die tweede kwartaal kon leerders aan 'n wye verskeidenheid aktiwiteite deelneem en het nuwe vaardighede ontdek. Die fokus van die kultuurweek is om so veel as moontlik leerders te betrek.
- MONTAGU JEUG KUNSTEFEES – verskeie leerders het deelgeneem en uitstekende resultate behaal.
- KOOR – die skoolkoor neem deel aan die verskeie Kunstefeeste. Hul verwerf Goud tydens die Worcester Eisteddfod. Vir die eerste keer neem hul ook deel een HSM se eie koorfees en is deel van die massakoor, 'n ondervinding wat hul vir altyd sal onthou. Hul word ook uitgenooi om saam met Jak de Priester en ander kore op 1 November in Robertson op te tree. Die koor sal ook tydens die prysuitdeling optree. Die skool koor groei elke jaar en leerders geniet dit om saam te kan sing.
- INDABA – die skoolkoerant word twee maal per jaar uitgegee. Vir die eerste keer is daar 'n besluit om 'n digitale uitgawe beskikbaar te stel en die aanlyn PDF *Flipbook* het sy verskyning gemaak. Die skakel is op die skool se sosiale platforms beskikbaar. Die skoolkoerant bevat aktuele nuus oor die skool en personeel en die redaksie kry die geleentheid om hul joernalistieke vaardighede te ontwikkel.
- SENIOR REDENAARS – HSM het knap en selfversekerde sprekers. Kezia Malgas is aangewys as die senior wenner.
- ENGELSE SPELLING BEE (Spel kompetisie) – Leerders neem ywerig deel aan die junior en senior *Spelling Bee* en vaar baie goed. Die Senior *Spelling Champ* is Geriant Segelaar en die junior, Ruby Rose O'Shea.
- AFRIKAANSE SPELKOMPETISIE - vir die eerste keer word 'n Afrikaanse Spel kompetisie aangebied vir beide die juniors en seniors. Leerders vaar baie goed. Die Senior spelkampioen is Geriant Segelaar en Janae le Roux, die junior.
- SENIOR PUBLIC SPEAKING – leerders kwyt hul goed van hul taak en die kompetisie was straf. Franco Stemmet is die wenner van die seniors.
- JUNIOR PUBLIC SPEAKING – die eerste in die geskiedenis! Hul staan nie terug vir die seniors nie en Mia Detbarn is die wenner.
- CSV – Daar is 62 kringleiers die jaar betrokke by die CSV, onder leiding van Ds. Rupert de Koning en Ds. Suzette Turner. Die CSV bestuur, onder

leiding van Jana Strydom en Lyzé Pekeur, het gereeld in die saal geopen met skriflesing en gebed en was verantwoordelik vir die CSV - aansteekbord. Ons het gereeld gassprekers gekry wat ons besoek het. Daar is verskeie waardes tydens die CSV sessie bespreek en behandel. Hierdie jaar het die klem geval die op eerlikheid, betroubaarheid, integriteit en lojaliteit geval. Ons het vir die eerste keer 'n jeug week gehou, waar ons in kleiner groepe Bybelverse ontleed het en ervaringe met mekaar gedeel het. Die lofliedere wat ons sing bly ‘n hoogtepunt!

- LANDSDIENS - Hoërskool Montagu se Landsdiens klublede was vanjaar ongelooflik besig! Sewe van ons lede het die provinsiale kamp bygewoon en uitstekende eienskappe en vaardighede getoon wat daar toe gelei het dat hulle na die Nasionale Kamp genooi is. Die leerders is; Dirk von Wielligh, Peter Hattingh, Elzé Marais, Leano Verhoog en die reserwes is Brigette Swanepoel, Mikayla Theron en Hermien Potgieter. Dit is 'n prestasie wat min Landsdiens klublede bereik. Ons is baie trots op hulle! Die Landsdiens is tans besig met die *Sweethearts Foundation* se *#Tops&TagsForWheelchairs* projek. Vir hierdie projek hoop ons om 450 kg botteldoppies of/en 50 kg broodplaatjies in te samel wat ons aan die liefdadigheid stigting kan skenk. Die stigting herwin die doppies en plaatjies en gebruik die fondse van die herwinning om 'n rolstoel aan 'n minderbevoorregte lid van die gemeenskap te skenk.

## Die Kunsklas van 2023

Wat ‘n opwindende jaar het ons nie agter die rug op kreatiewe gebied nie. 2023 was voorwaar ‘n baie kreatiewe jaar vir ons kunsleerlinge by Hoërskool Montagu.

1. Tydens Kultuurweek bied juf.Badenhorst ‘n “Screen Printing” werkswinkel aan, waar leerlinge self ‘n ontwerp maak en ‘n syskermdruk op hul eie T-Hemde maak. Daar was slegs beperkte plek en baie laatslapers was baie omgekrap omdat hulle uitgemis het…Toemaar, volgende jaar sal hulle wel weer die geleentheid kry.
2. Vroeg in die jaar kom kuier die Visuele Kunste Vakadviseur (Ellene Louw) van Kaapstad in ons kunsklas om ‘n bietjie met die kunsleerlinge te gesels. Sy besluit om vir ons kunsklas ‘n Printing Press te borg, nadat die kunsjuffrou haar van haar behoeftes vertel het. Binne ‘n maand word dit gemaak in Johannesburg en afgelaai op Montagu. Die kunsleerlinge en hul juffrou het nie op hulle laat wag nie en onmiddellik begin met eksperimentele drukwerk.
3. Tydens die jaarlikse Montagu Jeugfees maak ons hierdie jaar skoonskip en wen al die trofees van Gr.8 tot Gr.12.
4. Ons skryf ook die eerste keer heelwat kunswerke by die Worcester Eisteddfod in en wag nog op die uitslae.
5. Tydens die Feesnaweek in Augustus stal ons al ons leerlinge se werk deur die hele skoolgebou uit en juf. Badenhorst se werk in die Monties Klubhuis.

6. Die Gr. 9 Drama Spreekkoor word deur Antjie Krog gevra om op te tree tydens haar voorlesing (uit haar boek Fynbosfeëtjies) by die jaarlike Montagu Kruiefees.

Dankie aan elke leerling, ouer, voog,onderwyser en sommer kunsliefhebbers wat ons leerlinge en hul juffrou so mooi ondersteun en bygestaan het tydens hierdie woelige, kreatiewe jaar…

## 5.2 LEIERSKAP

BK 2023: Jenelle Beukes, Ewan Coetzee, Caleb du Toit (Onderhoof seun), Kerishnee George, Anri Gous, Willem Nel, Liam Pekeur, Ann-Luméy Pieterse, Carli Prins (Hoofdogter), Nina Stemmet (Onderhoof dogter), Juhan Venter (Hoofseun) Voogde: mev. Van Niekerk en mnr. Olivier.

Die BK van 2024 het 'n baie suksesvolle termyn agter die rug en hulle goed van hul taak gekwyt. Ons is opgewonde oor die twee nuwe tradisies wat in die toekoms deel sal wees van die skool se jaarprogram – die Kuiken konsert vir graad 8's in Februarie en die Interskole sokkie wat deel vorm van die geesvangweek voor Interskole. Een van die hoogtepunte is altyd Mnr. en Mej. HSM en dit was weereens 'n groot sukses hierdie jaar. Hul laaste amptelike funksie is die OSKAR-saal waar erkenning aan mede-leerders gegee word. Die BK sluit dus die jaar op 'n hoogtepunt af. Die BK se termyn verstryk aan die einde van die derde kwartaal, wanneer hul die vaandel aan die nuwe BK oorgee.

SENIOR VLR 2023: (Gr. 10) Jomar Hanekom, John Hattingh, Halle Joseph, Kezia Malgas, Jaywin Noemdo, Amy-Leigh Shirley; (Gr. 11) Nina Beukes, Stefanie Burger, Rossouw Kriel, Anané Saunders, Jessica Schoeman, Franco Stemmet. Die voogde is mnr. Booysen en mev. Van Brouwershaven.

Senior VRL – Die Senior VRL het hulle goed van hul taak gekwyt deur deurlopend deur die jaar te help met die dissipline in die rye en gange. Hulle het ook gehelp om waardes maandeliks bekend te stel deur die waarde aan die leerders te verduidelik tydens saal, asook slagspreuke in die skool se gange op te sit om die waardes uit te beeld. Daar is ook twee baie suksesvolle sokkies gehou nl. 'n Valentysdans met die tema "*Picnic under the Stars*" en 'n Winterbal met die tema "*Great Gatsby*". Die VRL het ook 'n *Civvie*-dag gehou en geld ingesamel vir *Cancervive* as hul gemeenskapsprojek. Baie dankie vir elke VRL-lid wat hulle tyd opgeoffer het vir diens aan die skool.

JUNIOR VLR 2023: (Gr. 8) Chayim du Toit, Mia Ellis, Corli Gous, Jamie Johnson, Henko Nel, Adriana Visagie, (Gr. 9) Jacobus Beukes, Sergio Burger, Euwaycia Eyberg, Janae le Roux, Ruby Rose O'Shea, Elzay Strydom. Die voogde is mnr. King en mev. S. Burger.

Al die leerders wat 'n leierskapposisie beklee in die skool het 'n leierskap kursus bygewoon. Die juniors het in kwartaal een 'n valentynspiekniek onder die sterre gehou, kompleet met 'n water glip en gly, asook 'n pienk en rooi Valentynsdag tema. Kwartaal twee het geëindig met 'n Winterbal in die skoolsaal. Seer voete, lekker dans en warm sjokolade het die aand gekenmerk. Die laaste projek is die verkoop van pienk strikkies vir die *Cancervive* veldtog wat die skool in die vierde kwartaal gaan besoek. Baie dankie aan elke VLR-lid vir hul harde werk gedurende die jaar.

Die verkiesing van die leiers vir 2024 is reeds in die derde kwartaal afgehandel. Die BK van 2024 het op 4 September begin diens doen, terwyl die VRL-rade aan die begin van die vierde kwartaal sal diens doen. Die graad 8 VLR vir 2024 sal gedurende die eerste kwartaal van 2024 verkies word.

Die leerderleierskap is gesond en onder leiding van die verskeie voogde word die waardes van Monties uitgeleef.

# 6. SPORT

**KRIEKET**- Hoërskool Montagu se krieketspanne het verjaar baie goed gevaar. Ons skryf 3 spanne in die onderskeie ligas in, O/15A, O/19A en 'n dogters krieketspan. Al die spanne vaar baie goed in hul onderskeie ligas en die O/19A-span eindig onoorwonne vir die 2de jaar in 'n ry.

**RUGBY**- Hoërskool Montagu skryf verjaar 7 spanne in die onderskeie ligas in, O/19A, B en C, O/16A, O/15A en B en O/14A.
Al die spanne het verjaar baie goeie rekenskap van hul self gelewer en ons het gewys ons hoef nie terug te staan vir die veel groter skole anderkant die berg nie. Die O/19A-span het weer deelgeneem aan die jaarlikse Oakdale rugby-toernooi in Riversdal. Die span speel baie mooi rugby en is weer uitgenooi om die toernooi in 2024 by te woon
Vanjaar is Juan Venter opgeneem in die Boland O/18 Akademies-span wat in Johannesburg gaan deelmeem het aan die Akademiese week. Baie geluk Juan, ons is trots op jou!

**TENNIS**- Hoërskool Montagu skryf 6 spanne in by hul onderskeie ligas. Die 1ste spanne neem ook deel aan die Arende Afslaan toernooi in die Strand, waar hul 2de geeïndig het. Die Monties het vanjaar baie goeie rekenskap van hulself gelewer en spog ook met 3 spelers in die Kavaliers Platteland span. Nina Beukes, Jacobus Beukes en Henko Nel.

**GHOLF**- Hoërskool Montagu skryf vanjaar 2 spanne in vir die Boland-liga. Die 1ste span het goeie gholf gespeel deur die jaar en het 4de in die liga geeïndig. Albei spanne het ook uitstekende wenne opgelewer by die Interskole met tellings van 61-32 en die 2de span 41-22.

**7's RUGBY**- Hoërskool Montagu het drie 7's Rugbyspanne aan ons Feesnaweek laat deelneem. Die O/15 en o/17 span is as wenners bekroon tydens ons Feesnaweek. Ons neem weer deel aan twee Frogfoot- toernooie. Die O/15 en O/17 spanne verloor altwee in die Plaat semi-finaal by Hoërskool Swartland.
Die O/17 span wen die Plaatfinaal deur die gasheer Hoërskool Outeniqua te wen, tydens HS.Outeniqua se Frogfoot toernooi.

**NETBAL**- HS.Montagu het vanjaar 14 netbalspanne ingeskryf. Al te saam 98 dogters! O/14A-D, O/15A-D, O/16A-B O/19A-D. Die netbalspanne neem deel aan 11 sportdae en die eerste span het ook 'n afrigtingskursus bygewoon in Swellendam. Al ons spanne het baie goed gevaar die netbalseisoen. 16 spelers word tot die Sonespan verkies.. Na drie verdere rondtes proewe is Monties trots op Carli Prins en Jaylin Joka wat tot die Wes-Kaapproewe vorder. Carli is ons netbal trots van 2023! Sy is opgeneem in die Wes-Kaap span wat deelgeneem het aan die SA-toernooi in die Junie vakansie.
Baie dankie ook aan me Nelene Gous en me Maryka Burger wat ons buite afrigters was en soveel bygedra het tot die Montie-netbal. Baie dankie aan elke afrigter wat deur die pragtige spel van netbal lewenswaardes kon belê in ons speelsters.

**SKAAK**- Die skool se skaakspan het uitstekende rekenskap gelewer. Vier van ons spelers het op provinsiale vlak deel geneem. Terwyl 1 uit 2 op nasionale vlak deel geneem het. Al die skaakwedstryde, behalwe vir die Interskole toernooi, is deur ons skaakspan gewen.

**HOKKIE** - HS. MONTAGU het hierdie seisoen baie goeie rekenskap van hulself gegee op die hokkieveld. Ons het aan verskeie sportdae deelgeneem, astro oefensessies bygewoon, sowel as 'n hokkiefees in Ceres. Ons het ook hierdie seisoen 4 Bolandspelers opgelewer, waaroor ons baie trots is. Dit is:  Chaeli Jansen, Jowayden Carolisen, Henko Nel en Noah Wiese. Baie dankie aan elke speler wat alles gegee het, op en van die baan, sowel as elke afrigter, ons sluit 'n seisoen af met skouspelagtige hokkie tydens Interskole en sien uit na 'n blink toekoms vir HS. Montagu-hokkie.

**BERGFIETS**- het toenemend die jaar gegroei as 'n skole sport. Ons fietsryers het geleentheid gekry om aan toenemende XCO wedrenne deel te neem. Onder andere die Karoo poison, die Hills challange. Ons het ook die voorreg gehad om die HSM Boomerang challange aan te gebied het, wat die skool op die kaart gesit het vir opkomende Bergfietsspanne in ons streek.

**ATLETIEK**- Ons atletiek Atlete het uitstekend rekenskap getoon van hulle self in 2023. Atlete het tot na Sone vlak gekwalifiseer en 11 het Noord-Boland kleure behaal.

**BIBLIOTEEK** - Ons Montie-lesers vermeerder jaarliks! Dankie vir die 17 biblioteekprefekte se toegewydheid en toeslasme. Ons biblioteek spog met die nuutste trefferboeke op die mark!

# 7. GROND EN GEBOUE

### Fisiese Geriewe / Terrein / Toerusting

Die geboue/terrein en toerusting komitee, onder leiding van mnr. Willem Sadie, is baie aktief. Daar is die afgelope jaar talle projekte aangepak, wat onder andere die volgende insluit: opgradering van die hokkievelde se speeloppervlakte, die opgradering van die krieketkolfblad, opknapping van kantore, verf van `n gedeelte van die skoolgebou, herstelwerk aan die los pawiljoene en algemene verbeteringe en instandhouding. Ons het ook `n nuwe roller vir die kolfblad gekoop en is besig om `n nuwe gimnasium te ontwikkel. Die Ondersteunersklub het `n nuwe snoepie by die A-rugbyveld aangebring en die skool is besig om die ou snoepie in badkamers te omskep. In samewerking met Laerskool Montagu, is ons besig om nog twee hokkievelde te ontwikkel. Mnr. Strydom en sy span werkers sorg dat ons terrein netjies is en die skoolgebou en toerusting ‘n voorbeeld is vir die meeste ander skole. Meer as R560 000 is hierdie boekjaar uit eie fondse bestee aan verbeteringe en instandhouding. Ons wil graag in die toekoms fokus op besproeiing vir ons velde en instandhouding van die tennisbane.

# 8. DISSIPLINE

### Dissipline en Skoolbywoning

Die pad na ‘n suksesvolle skool begin by dissipline, wat op sy beurt begin by korrekte skooldrag en goeie klaskamerdissipline. Die gedragskode vir 2023 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na.

Goeie maniere en die regte waardes is die grondslag vir die gesonde voortbestaan van ons skool, dorp en land. Hoërskool Montagu streef daarna om te help verseker dat dit wel die geval is, deur spesifieke waardes en beginsels jaarliks na te streef en uit te leef. Die skool se Dissipline- en Beleidskomitee, onder leiding van mnr. Hannes Gous, sorg dat alle beleidstukke in plek is. Oor die algemeen is die dissipline van HSM goed. Kleredrag van die leerlinge is netjies en korrek, hulle gedrag is goed en akademiese verpligtinge word nougeset nagekom. Die huidige dissiplinestelsel werk goed en wanneer afwykings voorkom, word die nodige stappe geneem wat die volgende insluit: strafklasse, ouergesprekke, die weerhouding van voorregte en tydelike skorsing. Min ernstige dissiplinêre oortredings het die afgelope jaar plaasgevind en slegs `n paar

dissiplinêre gesprekke het plaasgevind. Oor die algemeen is ons leerders se skoolbywoning baie goed en is die gemiddelde weeklikse teenwoordigheidsyfer bo 94%.

# 9. WAARDES (T2P)

Daar word elke maand op 'n spesifieke waarde gefokus. Die Junior VRL, Senior VRL en die Bestuurskomitee werk om die beurt om die waardes aan die skool bekend te stel vir elke maand. Die waarde word bekendgestel in die saal, asook geïmplimenteer in die skool. Die waardes was soos volg:

| **MAAND** | **WAARDE** | **GROEP** |
|---|---|---|
| JANUARIE | DISSIPLINE | BK |
| FEBRUARIE | INTEGRITEIT | SNR VRL |
| MAART | EERLIKHEID | JNR VRL |
| APRIL | LOJALITEIT | BK |
| MEI | VRIENDELIKHEID | SNR VRL |
| JUNIE | OMGEE | JNR VRL |
| JULIE | TOEGEWYDHEID | BK |
| AUGUSTUS | BETROUBAARHEID | SNR VRL |
| SEPTEMBER | DOELGERIGTHEID | JNR VRL |
| OKTOBER | VERANTWOORDELIKHEID | NUWE BK |
| NOVEMBER | DANKBAARHEID | NUWE VRL |
| DESEMBER | DIENSBAARHEID | |

Daar is baie moeite gedoen met die implementering van die waardes. Die jaar het afgeloop soos beplan en die rade het hulle goed van hul taak gekwyt. Die implementering van die waarde elke maand, lê klem daarop dat die leerders nie net vakinhoud by die skool leer nie, maar dat daar ook aan hul menswees gewerk word. 'n Gebalanseerde leerder is 'n gesonde leerder.

# 10. KOSHUIS

Huis van Velden Koshuis is ‘n koshuis vir die Hoër- en Laerskool. Daar is tans twee en dertig leerders in die koshuis, sewe seuns en vyf en twintig dogters. Daar is elf personeellede wat in die koshuis woon. Huis van Velden het hierdie jaar ‘n nuwe matrone gekry. Me. Rouzelle van Aarde het Mei 2023 vanaf Robetson by ons aangesluit. Me. van Aarde het vinnig haar voete gevind en baie maklik by ons aangepas, ons is baie bevoorreg om haar by die koshuis te hê. Die koshuis het ‘n suksesvolle jaar op alle gebiede gehad. Ons het minimale dissiplinêre gevalle gehad. Ons fokuspunt vir die jaar was om die koshuislewe só lekker as moontlik te maak, maar terselfdertyd ‘n goeie balans te handhaaf. Die koshuis bied ‘n veilige omgewing, ‘n standvastige roetine met vaste etenstye, studietye asook genoeg tyd om sosiaal te verkeer. Ons leerders wat hul studietye benut presteer dus goed akademies. Ons het leerders wat in die top 20 in hul grade lê. Ons het ook leerders wie se punte dramaties verbeter het, vandat hulle besluit het om by die koshuis aan te sluit. Huis van Velden sal altyd daarna streef om gebalanseerde leerders te ontwikkel.

# 11. SLOTOPMERKINGS EN VOORUITSIGTE 2024

Aan die einde van ‘n besige jaar, is daar vele mense aan wie dank verskuldig is. ‘n Suksesvolle skoolhoof en ‘n skool kan nie effektief funksioneer sonder ‘n hardwerkende personeel wat altyd bereid is om die ekstra myl te stap, ‘n betrokke Beheerliggaam, ouers/ voogde, leerders en die gemeenskap se ondersteuning nie. Baie dankie vir elkeen wat betrokke is en ‘n bydrae gelewer het vir die afgelope jaar. ‘n Besondere woord van dank aan die lede van die Beheerliggaam, onder leiding van mnr. Hannes Gous, vir harde werk, ywer en effektiewe funksionering van al die werksaamhede van die onderskeie komitees. Ook aan die lede van die skool se Ondersteunersklub, onder leiding van mev. Mariek Dettbarn, vir al die projekte wat u die afgelope jaar aangepak het en Projek Voerkraal wat suksesvol voltooi is. Ek wil ook baie dankie sê aan die skoolhoofde en personeel van ons voeder-laerskole en die personeel van Kring 1, onder bekwame leiding van mnr. Nico Solomon, vir u ondersteuning en goeie samewerking.

Ons is dankbaar vir ‘n besondere geseënde jaar vir Hoërskool Montagu en sien met groot verwagting uit na 2024. Die gebeure in ons land en reg oor die wêreld, het ‘n mens net weer laat besef hoe kosbaar die lewe is en dat ons elke oomblik voluit met moet benut. ‘n Mens kan nie anders as om met dank na die afgelope twaalf maande terug te kyk nie en met entoesiasme uit te sien na 2024.

Ons leuse vir vanjaar is: “LAG – Leef Altyd Getrou”. Ek wil elkeen bedank wat die afgelope jaar ‘n rol gespeel het om ons leuse uit te leef: opvoeders, leerders, ouers/voogde, oud-leerders en ondersteuners van die skool. Sonder u samewerking, lojaliteit en ondersteuning is die prestasies wat ons vanaand eer, nie moontlik nie.

‘n Spesiale woord van dank aan al die personeel van die skool. Julle het my hande op alle terreine gesterk en is staatmakers. Ek glo dat die personeel van ‘n skool, die skool se mees kosbaarste bate is.  Dit is ‘n voorreg en ‘n eer om saam met u te werk.  Die sukses van die afgelope jaar was ‘n spanpoging. Ons is die skool in die platteland, vir die platteland. ‘n Skool met omgee-harte wat ons leerders se belange altyd sal eerste stel. Laaste, maar nie die minste nie. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader, sonder wie ons niks sou kon bereik nie. “Nisi Dominus Frustra” – sonder God is alles tevergeefs!



**JOHAN BENADIE**
**Skoolhoof: Hoërskool Montagu**
**19 Oktober 2023**